Laerskool Goudkop

Floralaan, Adamayview, Klerksdorp
Posbus 1185, Klerksdorp 2570
Tel: 018 468 1038/9 • Faks: 018 468 4681 / 086 600 5806
e-pos: goudkop@global.co.za

Geagte Ouer(s)

Neem asseblief kennis van die volgende:

Die prosedure wat gevolg word met die verkiesing van ons leerderraad.

1. Alle graad 6-leerders word op 'n "oop" nominasielys geplaas – alfabeties volgens vanne en noemname.

2. Leerders van graad 5 en -6 sowel as die personeel stem vir die graad 6-leerders.
   Almal stem vir 15 seuns en vir 15 dogters
   Personeel stem vir 15 seuns en 15 dogters
   Aantal inskrywings in strafboek word afgetrek van totale stemme.
   Een stem per inskrywing word afgetrek.

3. Eerste stem : Grade 5 en 6 tel saam 50%, personeelstemme tel 50%

4. 'n Finale nominasielys word dan opgestel (25 seuns en 25 dogters)

5. Tweede stemme tel nou as volg;
   - Leerders , grade 5 en 6, saam 45%
   - Personeel 45%
   - Betrokkenheidsprofiel/veldskool/ander 10%

7. Die doel met die verkiesing is om die leerders in posisies te plaas vanaf 1 tot:
   (hoeveel seuns en dogters daar mag wees in graad 6)

8. Die top 3 seuns en top 3 dogters sal verder deur 'n proses van keuring gaan deur die dagbestuur, met inagneming van totale stemme, betrokkenheid en prestasies binne skoolverband, akademie, sport en kultuur.

9. Die top **DRIE** seuns en dogters sal dan aangewys word as die Hoofleiers en O/Hoofleiers **TIEN** seuns en **TIEN** dogters word verkies tot die leerderraad . Die totale leerderraad bestaan uit 13 seuns en13 dogters. Ruimte word gelaat vir toevoegings tot en met einde van die tweede kwartaal, soos nodig. Die finale besluit word deur die dagbestuur geneem.

10. Rade word nou saamgestel nadat die Hoofleiers geïdentifiseer is.

My skool, my trots, my toekoms
www.laerskoolgoudkop.co.za

Arnold & Wessels Drukkery, Klerksdorp Tel. 018 4683807

11. Leerders se voorkeurkeuses, persoonlikheid en prestasies binne skoolverband word gebruik om die rade saam te stel wat by Laerskool Goudkop geïdentifiseer is.

12. Raadsvoogde (personeel) word aan elke raad toegewys

13. Leerderraadslid word as voorsitter aangewend.

14. Die volgende rade sal voorlopig vir 2018 bestaan:

    - Verkeersordeningsraad (skolierpatrollie)
    - Mediaraad
    - Omgeeraad
    - Saalraad
    - Kleuterraad
    - Snoepieraad
    - Veiligheidsraad

Leerderraadvoog: Me. K. Zevenster
Mnr. A. Cloete